
Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

maart 2023



*Skemer-ombré* – Lensopening: f22; Sluiterspœd: 1/4 sekonde; Fokale lengte: 40 mm

As jy die voorbladfoto bestudeer, sal jy saamstem dat daar min elemente in die foto is: die voorgrond wat byna 'n silhoeët is, die son met lens-weerkaatsings en die lug met 'n besondere kleur. Wat is dan die rede vir die plasing van hierdie foto? Die sleutel tot die rede hiervan lê weggesteek in die titel: *Skemer-ombré*.

Ombré-fotografie is die tema van hierdie uitgawe van Fotografienuus. Omdat jy dalk die woord vreemd mag vind, sal ons dit verduidelik; en hopelik sal daar vir jou nog 'n venster op fotografie oopgaan.

Die woord *ombré* is 'n Franse woord afkomstig van die Latynse woord *umbra*, wat skadu beteken. Die spesifieke moderne betekenis wat aan *ombré* geheg word, is "geskakeerd" (Engels: *shaded*). Kyk nou weer na die geel lug in die foto en tel hoeveel skakerings van geel jy opmerk.

Soos gebruiklik wil ons jou in hierdie uitgawe op verkillende "reise" neem – party byna in lewende lywe en ander slegs fotografies. Geniet dit.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Daar is niks snaaks aan die voorbladfoto, 'n foto uit my foto-argief, nie – behalwe dat dit 'n geskakeerde lug wys. Trouens, daar is selfs heelwat ombré-foto's in my argief. Al dié foto's is geneem sonder dat ek die woord ombré ooit geken het. Ek het wel altyd die mooi lig en lug gesien en dit waardeer. In jou eie foto-argief sal daar beslis ook baie ombré-foto's wees van sonsondergange en -opkomste.

Die woord ombré is 'n bekende woord in die modewêreld, met toepassings wat wissel van geskakeerde haarstyle, naels en wenkbroue tot geskakeerde koeke! Vir toeligting word 'n foto van laasgenoemde hier gewys.



*Geskakeerde ombré-koek*
*(https://www.bettycrocker.co.uk/recipes/ombre-cake)*

Die tegniese besonderhede van die voorblad is niks vreemd nie, en die aanwysings spreek vir hulself. 'n Belangrike saak by die neem van skemerfoto's is wel dat jy nie moet volstaan met selfoonfoto's nie – dit is nou as jy wel 'n gewone kamera ook het. Die goue reël betreffende goeie skemerfoto's is altyd: Onderbelig.

tema & wenke

# Ombré-landskapfotografie




Om dit duidelik te stel, met ombré-foto's word bedœl dat daar 'n kleur-geskakeerde deel in die foto is. Enige kleur is in orde. En as jy eers daarvan bewus is, sien jy dit oral om jou raak – veral as jy begin oplet na die geskakeerde kleure van dameshaarstyle.

Dit is egter nie elkeen se voorliefde om mode- en / of modelfoto's te neem nie. Ons sal dus nie oor dié bepaalde tœpassing verder gesels nie. Ons sal eerder oor 'n tœpassing gesels wat vir almal haalbaar is, naamlik ombré-landskapfotografie.

Vir ons verdere bespreking sal ons landskapfotografie wyd verstaan, naamlik ook berg-, see-, water- en wolkskapfotografie. Dit maak dit dus vir nog meer lesers 'n maklike tœganklike foto-onderwerp.

*Towerlantern Fotografie*
- maart 2023 -



# tema & wenke

Wat die term "ombré-landskap-fotografie" betref, moet dit besef word dat "ombré" die saak is, en nie "landskap" nie. Die ombré-effek in 'n foto moet dus die aandag van die kyker trek en nie die landskap nie. Die landskap moet slegs die draer van die toneel wees. So is die voorgrond in die voorbladfoto (wat 'n landskap is) slegs die draer of basis van die foto. Die foto hierby met sy blou na pienk skakering wys dit ook verder.

Soos met gewone landskapfoto's is die sogenoemde goue ure van die dag, vroeg-oggend en laat-middag, van groot belang. En ook die beste tye vir ombré-landskapfotografie. Maar moenie daarby vassteek nie. Dit kan net sowel wees dat daar in die middel van die dag wolke of water is met mooi ombré-skakerings. Die oproep is dus: Wees gewapen met jou oorgehaalde kamera!

Moenie geïntimideerd voel omdat jy die woord ombré nog nooit gehoor het nie. En ook nie omdat jy jou nie op onbekende terreine wil waag nie. Hou slegs by ons voorstel om na foto's van ombré-landskappe te soek. Die ondergenoemde webblaaie van *Unsplash* en *Shutterstock* sal jou help met idees.

- https://unsplash.com/s/photos/ombre
- https://www.shutterstock.com/search/ombre-sunset?image_type=photo

## waardering van ons *lesers*

Ons is dankbaar om terugvoer van ons lesers te kry – en dit hoef nie noodwendig waardering te wees nie. Dit kan wenke wees of vermanings.

Tersia Andrews van Centurion skryf:

My jitte, hoe lekker het ek nou gelees [die Februarie-uitgawe van Fotografienuus] en sommige stukkies vir my man ook voorgelees. Ek lig die volgende uit

- Die voorbladfoto is pragtig!
- Die positiwiteit en uitkyk op die lewe is voorwaar aansteeklik … vandaar die beurtkragtema.
- Die sin vir humor lees ek raak.
- Die mooi verduidelikings is altyd vir my so wonderlik, dat almal dit MOET verstaan.
- Werner Knoll se stuk is aangrypend!

Towerlantern versprei maandeliks ons blaadjie Fotografienuus gratis. Kontak ons as jy dit gereeld wil ontvang en ons plaas jou naam op ons e-poslys.
Kyk gerus vir vorige uitgawes by:
https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html

# RIGLYNE VIR OMBRÉ-LANDSKAPFOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** Vir hierdie aanwysings word aanvaar dat jy 'n landskaptoneel voor jou het met ombré as besondere tema. Die gebruik van 'n driepoot word sterk aanbeveel. Doen nou die volgende:

### TIPE LENS
Gebruik enige tipe lens na gelang van die omstandighede.

### FORMAAT
Maak gebruik van jou kamera se formaatkeuses; as dit 'n selfoon is, onthou landskapformaat!

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Eksperimenteer self.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Wees presies met die keuse van fokuspunte, en hou die ombré-effek in gedagte.

### LENSOPENING
Begin met die grootste lensopening, byvoorbeeld f4, en pas aan.

### SLUITERSPOED
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" stelling; varieer soos nodig vir onderbeligting.

### FYN FOKUSSERING
Neem foto's en kontroleer die fotoskerpte; pas aan.

Towerlantern Fotografie
- maart 2023 -

# MIK VIR DIE *son*



Alle persone wat foto's neem behoort te weet om die son in gedagte te hou by die neem van foto's. Mik as't ware vir die son. Natuurlik nie direk in die son in nie, maar wel in die rigting van die son.

Ons nœm twee voorbeelde: As jy skemerfoto's neem van blomme in jou tuin, posisioneer jou kamera só dat die son van agter op die blomme skyn. En kyk hœ jy die trefkrag van jou foto's verhoog.

Nog 'n voorbeeld is wanneer jy 'n sonsondergang afneem. Jou selfoon kan gœie foto's neem, maar jou kamera nog beter. Laat lig jou inspireer en mik vir die son – selfs al is dié reeds onder, soos in die foto hierby.

*Towerlantern Fotografie*

\- maart 2023 -

NUUS vanaf Towerlantern

# Komende kursus: Fotovriende

Ons het jaarliks 'n nuwe fotovriende-grœp. Die nuwe grœp het pas – op 1 Maart 2023 – begin funksioneer. Dit is egter nog nie te laat nie; jy kan steeds inskryf. Hierdie grœp is oop vir enige persoon wat sy / haar kamera baie gœd ken en wat graag besondere foto's wil neem. Dus, skrik wakker en sluit aan. Die volledige inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die vriendekring is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tydperk – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te vœr.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.


**Aanvangsdatum:** Die begindatum is 1 Maart 2023. Jy kan egter op enige latere tydstip bykom. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.

**Werkwyse:** 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalendermaand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met ongeveer 5 foto's, mœt teen die einde van die maand ingestuur wees. Evaluering word binne die daaropvolgende 10 dæ gedœn en aan almal gestuur. So leer almal by almal.

**Fooi:** Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- Maandeliks: R50 per maand
- Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- Jaarliks: R480 per jaar

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za



# ONTSTAAN VAN CANON-KAMERAS

Ons begin met 'n staande rubriek oor die ontstaan van verskillende kamera-make. Dit is geen diepgaande ontleding van beste kameras nie, en wil ook nie een kamera teen 'n ander afspeel nie. Dit gaan bloot oor die ontstaan van 'n bepaalde maak. As jou keuse nie gou aan die beurt kom nie – of as jy bang is dit gaan glad nie 'n beurt kry nie – gaan sit dan voor jou rekenaar en skryf 'n kort stukkie vir ons. Ons begin met die herkoms van Canon.

Die firma Canon Inc is 'n multi-nasionale korporasie gestasioneer in Ota, Tokio, Japan. Die firma spesialiseer in optiese en industriële produkte soos lense, kameras, mediese tœrusting, skandeerders en drukkers.


Die firma het in 1934 die proto-tipe Kwanon geproduseer, wat gesien kan word as die œrgrootjie van wat ons vandag ken as die Canon-kameras. In 1947 is die firma se naam verander na Canon Camera Co, Inc, en in 1969 verkort na Canon Inc. Die naam Canon kom van die Bœddhistiese *bodhisattva Kannon* (**観音**, "Guanyin"), voorheen getranslitereer as Kwanon.

Oor die dekades het die firma Canon Inc uitgebrei tot waar dit vandag ontwikkel het. As jy die naam Canon nœm, dan weet meeste mense dit is 'n kamera of drukker of ander opties-elektroniese instrument. Die advertensie slagspreuk-reeks *"Wildlife as Canon Sees It"* is in Desember 2020 beëindig. Hierdie bekende advertensiereeks het in 1981 begin in die tydskrif *National Geographic*.

Foto-erkenning: Deur **上野** - Own work, CC BY-SA 3.0, https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=5617834
Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Canon_Inc.




*Hoofkwartier van Canon Inc, Ota, Tokio, Japan*




# OP INTERNET GESIEN

As mens by 'n vliegtuigvenster uitkyk, is daar wonderlike landskappe te sien. Dit kan selfs kunswerke wees ... En dit is wat Mitch Rouse met sy foto's wys. Alhœwel hy aanvanklik foto's met 'n hommeltuig afgeneem het, neem hy tans foto's met 'n spesiale lens gemonteer aan 'n helikopter. Lees gerus meer hieroor by: https://mymodernmet.com/farmland-mitch-rouse-ærial-photography/

# OP INTERNET GESIEN

Die PSSA *(Photographic Society of South Africa)* is 'n organisasie wat mense bymekaarbring wat belangstel in fotografie. Mens kan 'n lid word van hulle, en dan deelneem aan kompetisies en tœgang hê tot ander inligting met betrekking tot fotografie in Suid-Afrika. Hulle hou maandeliks 'n fotokompetisie. Hierdie foto, geneem deur Willie Pieterse, is die wenfoto vir Januarie. Kyk hier na ander deelnemers en inligting:
https://pssa.co.za/senior-club-competition-winners-jan-2023/





GAAN OP REIS
saam met Towerlantern

Praagkasteel, Praag

Towerlantern Fotografie
- maart 2023 -

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Sommige tœriste verkies landelike gebiede as bestemming, ander weer stedelike bestemmings. Sommige verkies museums, ander ingenieurswerke. Ons probeer 'n balans handhaaf met die reisbestemmings saam met Towerlantern. Laat weet gerus as jy iewers heen wil reis – of stuur vir ons 'n beskrywing van jou onlangse reis met foto's.

Dit is bitter mœilik om 'n keuse te maak na watter stede in enige kontinent, byvoorbeeld Europa, om te reis. Vir hierdie maand se reis, het ons wel 'n keuse gemaak, naamlik Praag in Tsjeggië. Elke tœris na elke ander stad sal ook sy / haar gunsteling plekke hê om te gaan besœk. Vir ons dœl besœk ons een rivier en twee bouwerke in Praag. Dit is besœkpunte waar jy nie sal ophou om jou kamera te gebruik nie!

Die Moldau, soos dit in Afrikaans, Engels, Nederlands en Duits bekend staan, en Vltava in Tsjeggies, is een van die bekendste Tsjeggiese riviere. Dit vlœi deur Praag, of anders gesê, Praag het aan weerskante hiervan tot stand gekom. Net in Praag alleen is daar 18 brûe oor die Moldau. Musiekliefhebbers weet van Bedrich Smetena se simfoniese toondig *Die Moldau*.

## LEES HIER VERDER

Luister hier na *Die Moldau* van Smetana
https://youtu.be/ItAxKVP3jlU
Lees meer oor die Karelsbrug by
https://af.wikipedia.org/wiki/Karelsbrug
Lees meer oor die Praagkasteel, en die ander 8 besienswaardighede in Praag, by
https://www.planetware.com/prague/prague-castle-cz-pr-pc.htm




Van al die brûe in Praag is die Karelsbrug die heel bekendste. Dié brug is reeds in die vrœë 1500s voltooi. Die foto hierby van 'n skilderwerk deur 'n straatskilder langs die Moldau wys die Karelsbrug baie mooi.

Die webblad *Planetware* lys die Praagkasteel as een van 9 top besœkpunte in Praag. Dié kasteel se geskiedenis strek oor meer as 1000 (duisend!) jaar. Besef dus dat as jy op besœk daar is, jou kamera nie sal ophou werk nie. Maar, wees ook versigtig en maak seker waar jy foto's mag neem en waar nie.

# FOTO-*idees*

Idee 1: Illustreer ombré met 'n eenvoudige foto soos in die voorbeeld.



# FOTO-*idees*

Idee 2: Gebruik wolke of reënboë om 'n ombré-effek uit te beeld.



# FOTO-*idees*

Idee 3: Gebruik kamerabeweging en 'n stadige sluiterspoed (byvoorbeeld 1 sekonde) om ombré te skep waar daar nie is nie.




**FOTO-** *idees*

Idee 4: Loop deur jou huis en soek na ombré op materiale, byvoorbeeld gordyne of bekleedsels.



FOTO-
*idees*

Idee 5: Gaan jou selfoon se skermbeskermers deur, kry 'n geskikte keuse en neem foto's om die ombré-effek te wys.